

Verken Vanrhynsdorp- Streek

Saamgestel deur ELZA DU PREEZ
Streekbibliotekaris, Vanrhynsdorpstreek

'n Mens ry al met die N7 langs vanuit Kaapstad, deur die Swartland en oor die Piekenierskloofpas tot by die afdraai na Citrusdal, die poort na Vanrhynsdorpstreek, in die noordwestelike uithoek van die Wes-Kaap. Die pad kronkel verder langs die Olifantsrivier. Aan die eenkant lê die Sandveld en Weskus-dorpie en aan die anderkant die Cederberg Wildernisgebied. Noord van Vanrhynsdorp (op die N7 na Namibië) spoed die pad tussen-deur die wit Knersvlakte-klippies en velerlei vetplantjies tot by die Noord-Kaap-grens anderkant Bitterfontein met sy omdraai-trein. Net voor die grens is dit Hardeveld en Boesmanland-wêreld. Kennelik is dit 'n plattelandse streek met mense wat naby aan die natuur lewe, en waar biblioteekdienste ook verskaf word aan baie afgeleë gemeenskappe op die agterpaaie van hierdie streek met sy vele kontraste.

Hierdie is die hartland van die Cederberg en Matzikama Munisipaliteite. Die biblioteke van Weskus Distriks-Munisipaliteit het met ingang 1 Julie 2011 oorgegaan na Cederberg (een dienspunt) en Matzikama (ses dienspunte). In terme van Matzikama was dit 'n redelike omwenteling.

Cederberg Munisipaliteit

Dienslewering vind plaas vanuit ses biblioteke en een Wheelie Wagon.

Leipoldt-Nortier Biblioteek

Dié geskiedkundige biblioteek, sentraal geleë in die hoofstraat van Clanwilliam, is op 11 Oktober 1958 geopen. Dit is vernoem na twee boesemvriende, dokter C Louis Leipoldt en dokter Le'Fras Nortier. Met die onlangse opknapping van die vooraansig van die biblioteek is die borsbeelde van dié boesemvriende tot hul vroeëre glorie herstel. Die vars, nuwe voorkoms van die biblioteek verwelkom nie net die inwoners van Clanwilliam nie, maar ook mense van die omliggende dorpe en plase.

Dit is die eerste biblioteek in die munisipaliteit wat ten volle gerekenariseer het. Gedurende November 2011 is daar van PALS oorgeskakel na SLIMS. Die Internet-fasiliteite van die biblioteek is baie gewild en ongeveer 200 mense maak maandeliks daarvan gebruik.

'n Inligtingsdiens word aan leerders van drie skole gelewer. Kleuters van twee crèches besoek gereeld die biblioteek vir storie-ure. Die bibliotekaris besoek skole en klubs (soos die Bejaarde-Klub) om die belangrikheid van lees te kommunikeer en om goeie verhoudinge te bewerkstellig.

Die biblioteekassistent bied 'n weeklikse program vir die jongspan aan wat fokus op aktiwiteite soos die bou van legkaarte, woordspeletjies en kreatiewe werk. Die Kinderafdeling word ook gebruik vir klein funksies soos die bekendstelling van boeke, leeskompetisies en Roald Dahl-partytjies. Daar is onlangs 'n suksesvolle tuin-kompetisie in die gemeenskap aangebied wat die

klem op verantwoordelike eienaarskap laat val het.

Personeel: een bibliotekaris; een biblioteek-assistent; een skoonmaker.

Ledetal: 845
Sirkulasie: 35,050

Citrusdal Biblioteek

Citrusdal, waar die Cederberge sierlik pryk, is lemoenwêreld. In die winter het die manjifieke Sneekop in kapoktyd sy wit kappie op. Dienste word gelewer vanuit die Citrusdal en TP Meyer-biblioteke.

Citrusdal Biblioteek, wat deel vorm van die munisipale kompleks, word druk besoek deur leerders van die Weskus Kollege, wat 'n leerdertal van 450 het. Die leerders doen daagliks navorsing vir take en baie fotostate word gemaak. Benewens dorpenaars is lede afkomstig vanuit die 121 plase in die distrik. Citrusdal is boonop 'n seisoenale werkver-skaffingsdorp en vir ses maande van die jaar is daar ook 'n toeloop van buitemense wat besoek aflê by die biblioteek om tydskrifte en koerante te lees.

'n Diens word twee-weeklik aan Ons Huis, 'n tehuis vir bejaardes, gelewer. Kinders van twee kleuterskole en 'n nasorg maak gereeld 'n draai by hierdie besige biblioteek. Personeel: een bibliotekaris, een biblioteek-assistent (Voorwaardelike Toelaag).

Ledetal: 1,990
Sirkulasie: 45,329



◀ Die vooraansig van Leipoldt-Nortier Biblioteek, met borsbeelde van C Louis Leipoldt en dokter Nortier aan weerskante

▼ Die span van Leipoldt-Nortier Biblioteek: Natalie Leens (bibliotekaris); Anna Pieters (skoonmaker) en Lizel van Reenen (biblioteekassistent)



◀ 'n Interessante handwerkuitstalling in Lambertsbaai Biblioteek



▶ Die tweemanskap Linah Abrahams (biblioteekassistent) en Haneke van Zyl (bibliotekaris) van Lambertsbaai Biblioteek



◀ Citrusdal se storie-muur

▶ Citrusdal se bibliotekaris Brenda Strauss saam met Wilma George (biblioteekassistent) by die kleurvolle storie-muur



▼ Victoria Swarts, assistentbibliotekaris van Elandsbaai Biblioteek by een van haar vindingryke tafeluitstallings



◀ Mooi getooi in swart en grys: bibliotekaris Amanda Swartz saam met Hilda Klaasens (biblioteekassistent) van Graafwater Biblioteek

TP Meyer Biblioteek

Die naam van die biblioteek is afkomstig van die eerste bibliotekaris, mnr Thys Peter Meyer. Die biblioteek grens aan die kliniek en Thusong Sentrum en is 'n klipgooi ver van een van die skole in die dorp.

Twee skoolklasse besoek maandeliks die biblioteek en maak op 'n inhuisie basis van die fasiliteit gebruik. Die bibliotekaris geniet dit om leerders met hulle take te help en om te gesels oor nuwe boeke en skrywers. Personeel: een bibliotekaris; een skoonmaker.

Ledetal: 340
Sirkulasie: 11,087

Elandsbaai Biblioteek

Elandsbaai is 'n klein vissersdorpie met huisies klein en groot langs die see en vlei. Vanaf Bobbejaanberg se kop is daar 'n pragtige uitsig oor die baai met van die mooiste sonsondergange in die land. Baie van die mense verdien hulle daaglikse brood uit visvang.

Dis 'n paradys vir branderplankryers wat telkemale terugkeer na hierdie vriendelike oase. Die vakansiegangers is gaande oor die biblioteek. Hulle gesigte spreek boekdele wanneer hulle meer in dié klein biblioteek vind as wat hulle gesoek het. Padaanwysings en inligting oor verblyf word ook op aanvraag verskaf.

Die bejaardes is deesdae van die gewildste besoekers in die biblioteek, want hulle lees so fluks hulle boeke deur. Hulle wil net hê dat die boekwa meer gereeld in die baai moet aandoen!

Personeel: een assistentbibliotekaris (Voorwaardelike Toelaag).

Ledetal: 594
Sirkulasie: 12,236

Lambertsbaai Biblioteek

Lambertsbaai is geleë aan die pragtige Weskus en is soos Elandsbaai hoofsaaklik 'n vissersgemeenskap. Die dorp het tans 'n baie hoë werkloosheidsyfer. Die bekende Voëleiland is die tuiste van die Kaapse Malgasse en lok baie toeriste na hierdie kusdorp. En vir lekker eet is daar die gewilde Muisbosskerm sowel as talle ander oulike eetplekkies, selfs 'n restaurant met 'n skulptuursvloer!

Die biblioteek lewer 'n diens aan een laerskool, een middelbare skool en vier kleuterskole. Die twee ouetehuse maak

van tyd tot tyd van die biblioteek gebruik. Internetdienste word aan die publiek verskaf. Aangesien Lambertsbaai 'n vakansiedorp is, word boeke ook aan vakansiegangers uitgeleen – 'n deposito is betaalbaar vir die tydskuur wat boeke uitgeneem word.

Uitstallings van hoogstaande gehalte word maandeliks gemaak en vang beslis die oog. Personeel: een bibliotekaris; een biblioteek-assistent.

Ledetal: 1,179
Sirkulasie: 33,543

Graafwater Biblioteek

Graafwater is 'n Sandveld-dorpie en vir diegene wat nie weet nie is die Sandveld en aartappels sinoniem. Die huidige biblioteekgebou is op 15 Oktober 1986 ingehuldig en spog met 'n gerieflike saal.

Dit is waarskynlik die biblioteek met die hoogste inhuisie gebruik in die streek as gevolg van die uitmuntende en deurlopende diens wat aan skoliere verskaf word. Skoolklasse besoek die biblioteek gedurende die kwartaal (uitgesluit eksamentye) feitlik op 'n daaglikse basis gedurende skoolure om navorsing vir take te doen. Die verskaffing van inligting is 'n baie hoë prioriteit vir die biblioteekpersoneel.

In Februarie 2011 het hierdie biblioteek ook deel van die tegnologiese era geword met die installing van vier rekenaars met Internettoegang. Ongeveer 100 persone maak maandeliks van hierdie fasiliteite gebruik.

Kleurvolle uitstallings word op 'n gereelde basis gehou en fokus veral op aktuele sake en gesondheidskwessies, met die klem op bewusmaking van die publiek en voorkomende aksies wat gevolg kan word.

Personeel: een bibliotekaris; een biblioteek-assistent (Voorwaardelike Toelaag).

Ledetal: 1,027
Sirkulasie: 25,113

Algeria Wheelie Wagon

Algeria is geleë tussen Clanwilliam en Citrusdal aan die voet van die Cederberge. Dit vorm deel van die Cederberg Wildernisgebied. Hierdie afgeleë gemeenskap wat in dié mooi bergwêreld woon, het voorheen geen toegang tot biblioteekdienste gehad nie. Skoolkinders moes op Clanwilliam oornag om skooltake te kon doen. In die reënseisoen is

die gemeenskap by tye ook totaal van die buitewêreld afgesny as gevolg van onbegaanbare paaie.

In Oktober 2007 is daar in die behoefte van 'n biblioteek voorsien met die ingebruikneming van twee Wheelie Wagons wat in die gemeenskapsaal gehuisves word. Algeria was op daardie stadium nog onder die jurisdiksie van die Weskus Distriksmunisipaliteit. Die bibliotekaris verrig ook kassiere-pligte.

Die Wheelie Wagons het 'n groot omwenteling in die klein bosdorpie veroorsaak. Die saal was gou gevul met die lieflike stemmetjies van kinders wat nie kon wag om te sien wat op die trollies is nie. Vandag kan volwassenes ure in die biblioteek deurbring en kinders kan hulle skooltake doen. Die trolliebiblioteek ontvang ook sedert die begin van 2011 tydskrifte wat groot opgewondenheid veroorsaak. Personeel: een kassiere/bibliotekaris.

Ledetal: 88
Sirkulasie: 2,806

Wuppertal Biblioteekdepot

Wuppertal vorm geografies deel van die Cederberg Munisipaliteit, maar die Biblioteekdepot resorteer onder die Morawiese Kerk en word gehuisves in een van die klaskamers van die plaaslike skool.

Die klein dorpie is in 'n kom van die agter-Cederberge geleë: die plek waar Boerneef se 'berggans 'n veer laat val [het] van die hoogste krans in Wuppertal'. Kinders van die omliggende buitestasies, soos dit genoem word, word gedurende die week in die skoolkoshuis gehuisves en maak ook van die biblioteek gebruik.

Caroline Kainda, wat buite Wuppertal woonagtig is, lewer 'n biblioteekdiens aan die gemeenskap as 'n vrywilliger en ontvang nie 'n salaris nie. Sy stap 'n hele paar kilometer te voet of ry fiets om hierdie onbaatsugtige diens te verrig.

In blommetyd verander die berge en vlaktes in 'n lushof van kleur en geur; wat hulde bring aan die Groot Tuinier.

DJ Opperman skryf tereg:
*Op die groot saaidag van die heelal
het reeds 'n entjie duskant Wuppertal
oor die kaal Noordweste
'n sakkie van die Heer se beste
saad per ongeluk gelek, gelek en uitgeval.*

Personeel: een vrywilliger.

Ledetal: 246
Sirkulasie: 9,670

Vanrhynsdorpstreek – dis mooi net waar mens kyk!



▲ 'n Tipiese Weskus-sonsondergang



▲ Duisende malgasse lok talle toeriste na Voëleiland in Lambertsbaai



▲ Die rustige Lambertsbaaihawe



▲ Die mooiste blomme kan op sekere tye van die jaar in die Knervlakte gesien word

▼ Vroegoggend by Clanwilliam dam – die lewensaar van die Olifantsriviervallei





◀ Kassiere/bibliote-karis Eleanor Hanekom van Algeria Wheelie Wagon – haar dankbare ingesteldheid teenoor die lewe is vir ieder en elk 'n inspirasie

▼ Caroline Kainda wat elke dag te voet of per fiets gaan om die Wuppertal Biblioteek Depot op 'n vrywillige basis te beman



▲ Die pragtige natuurskoon tussen Algeria en Clanwilliam aan die voet van die Sederberge

► Wuppertal Biblioteek-depot val onder die Morawiese Kerk en word uit een van die klaskamers van die plaaslike skool bedryf. Hier is die kerkklok op Wuppertal Kerkplein



► Die span van Vredendal Biblioteek in vrolike luim; Robert August (senior biblioteekaris); Theresa van Reenen (biblioteekhulp); Hannelie Benn (biblioteekassistent) en Lielzel Boois (biblioteekassistent)



▼ Biblioteekaris Lizette Brand en Juliana Basson (biblioteekassistent) van Vanrhynsdorp Biblioteek by ou deure wat versier is om by die Kersfeestema in te skakel



▲ Biblioteekassistent Wilmien Saal en haar regterhand, Petro Kaptein (biblioteekhulp) van Eureka Biblioteek



◀ Biblioteekassistent Jackie Booysen van Troe-Troe Biblioteek by haar kleurvolle lente-uitstalling



▲ Die flinke dames van Klawer wat onlangs van biblioteek-lokaal verwissel het: Glouda Kotzé (bibliotekaris) en Trina Smith (algemene assistent)

▶ Biblioteekassistent Sandra Kearns van Doringbaai Biblioteek aan die Weskus



▶ Biblioteekassistent Pauline Adams van Ebenhaeser Biblioteek werk graag met kinders



◀ 'n Ontspanne oomblik in die tuin van Lutzville Biblioteek: Johanna Stuurman (biblioteekassistent) beter bekend as Sussie en Lizelle Burger (senior bibliotekaris)

▼ Winnie Smith, besige kassiere/ bibliotekaris van Bitterfontein Biblioteek



▼ 'n Sprankelende Juliana Sheldon, biblioteekassistent van Uitkyk Biblioteek



▼ Rita Cloete, knap kassiere/ bibliotekaris van Rietpoort Biblioteek



▲ Ricky Kotze en Dina Flink van die streekbiblioteek in die veld rondom Bitterfontein

▶ Yvonne Maarman, kassiere/ bibliotekaris van Nuwerus Biblioteek, een van die deelposdames



Matzikama Munisipaliteit

Dienslewering vind plaas vanuit twaalf biblioteke en drie Wheelie Wagons.

Vredendal Biblioteek

Vredendal is die grootste dorp in die streek en het die afgelope paar jaar geweldig uitgebrei. Toe die Namakwa Sands-myn oopgemaak het, het verskeie kettingwinkels takke in Vredendal oopgemaak en vandag staan die dorp bekend as die inkopiesentrum van die Olifantsriviervallei. Baie mense van omringende dorpe, soos Klaver, Vanrhynsdorp en Lutzville het in Vredendal begin werk. Vredendal is geografies die middelpunt van hierdie dorpe wat almal in 'n radius van ongeveer 30km van die groter dorp geleë is. Baie van hierdie pendelende werkers het lede van die Vredendal Biblioteek geword.

'n Groep belangstellende lesers het op 21 Augustus 1945 die biblioteek in die voorportaal van die ou kerksaal geopen. Dit was destyds bekend as die Olifantsrivier Openbare Biblioteek. Die biblioteek is in Januarie 1951 by die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens geaffilieer. Die huidige biblioteekgebou vorm deel van die munisipale kompleks.

Die biblioteek is reeds vir baie jare die hoogste sirkulerende biblioteek in die streek. 'n Volledige biblioteekdiens word aan die nabygeleë Vredendal Laerskool gelewer. Blokklennings word aan verskeie kleuterskole verskaf en biblioteekpersoneel besoek elke tweede week die tehuis vir bejaardes. Daar word gereeld met die plaaslike leeskring geskakel om die voorsiening van boeke onder bespreking te koördineer. Die Internetfasiliteite van die biblioteek word goed benut deur die publiek.

Die bibliotekaris maak spesiale vermelding van mev Kim Roux. Sy is 'n plaasvrou in die distrik wat nou reeds vir baie jare maandeliks die plaasarbeiders se kinders biblioteek toe vervoer om boeke uit te neem. So word hul liefde vir lees reeds vroeg gekweek. Personeel: een senior bibliotekaris; twee bibliotekassistente (Voorwaardelike Toelaag); een bibliotekhulp (Voorwaardelike Toelaag).

Ledetal: 3,096
Sirkulasie: 79,198

Eureka Biblioteek

Eureka Biblioteek word gehuisves in die Vredendal-Noord Gemeenskapsaal en het

in 1984 as openbare biblioteek ontstaan. 'n Diens word gelewer aan 'n gemeenskap met 'n hoë werkloosheidsyfer.

Die biblioteek word op groot skaal op 'n inhuis basis gebruik. Die daaglikse koerant is in aanvraag en word deur baie mense gelees. Die biblioteek lewer 'n diens aan die leerders van twee laerskole, een hoërskool, verskeie crèches sowel as aan studente van die Weskus Kollege. DVD's word gedurende die skoolvakansies vertoon. Die biblioteeksaal word goed benut vir die aanbieding van sosiale opheffingsprogramme en werkswinkels en vir die hou van gemeenskapsvergaderings.

Personeel: een bibliotekassistente; een bibliotekhulp (Voorwaardelike Toelaag).

Ledetal: 2,022
Sirkulasie: 23,972

Vanrhynsdorp Biblioteek

Die inwoners van Vanrhynsdorp is baie trots op 'hulle' berg, die mooie Maskam, 'n bekende baken in die area. Dis 'n berg wat 'n fotograaf se droom is en wat ook deur plaaslike kunstenaars op doek vasgelê word. En aan skeppende talent is daar beslis nie 'n tekort nie. Vanrhynsdorp het 'n baie kreatiewe gemeenskap met mense wat gereeld by die biblioteek aanklop vir 'n verskeidenheid van handwerkboeke. 'Arts and Crafts'-praatjies word aangebied en idees word uitgeruil. Oulike idees vir kunsprojekte kan deur middel van die biblioteek se Internetfasiliteite nagespeur word.

Die bibliotekaris leef haar kreatiwiteit ten volle uit en het 'n onklusbare en aansteeklike entoesiasme wanneer dit kom by die fynere kunsies. Sy geniet dit om mense met haar skeppende gawes te bedien. In dié verband word sy ook goed aangewend tydens die streek se bibliotekforums. Sy en haar helpers verfraai die stadsaal, sy bederf die forumgangers met handgemaakte geskenke vir gelukkige trekkings en het vir elkeen 'n verrassing om aan die einde van die dag saam te neem huis toe.

Die afgelope twee jaar is die spasie in die stadsaal goed benut om praktiese sessies by die forumprogram in te werk, deels om te dien as 'n spanbou-aktiwiteit en andersins om kreatiwiteit te stimuleer en om idees vir uitreikingsprogramme uit te ruil. Verskeie knap bibliotekarisse is as groepleiers ingespan en die ander personeel het ywerig aan al die skeppende aktiwiteite meegedoen. Personeel: een bibliotekaris, een bibliotekassistente (Voorwaardelike Toelaag).

Ledetal: 737
Sirkulasie: 28,089

Troe-Troe Biblioteek

Troe-Troe Biblioteek is geleë in Vanrhynsdorp in Maskamsig en het inderdaad 'n pragtige uitsig op die berg. Die laerskool sowel as verskeie kleuterskole maak van die biblioteek gebruik en gereelde programme word vir die kleiner kinders aangebied. Die bibliotekassistente is 'n voorslag met die maak van uitstallings en het 'n oog vir klein detail.

Hoërskoolleerders maak veral op 'n inhuis basis van die biblioteek gebruik om navorsing vir take te doen. Personeel: een bibliotekassistente.

Ledetal: 1,084
Sirkulasie: 15,458

Klaver Biblioteek

Die bibliotekaris het 'n bietjie in die voorgeskiedenis van Klaver Biblioteek gaan delf. In 1977 het die eerste bibliotekaris dienste vanuit twee kamertjies in Hoofstraat gelewer. Die biblioteek en munisipale kantore het in 1979 na die strooidakgebou in Valleistraat verhuis. 'n Pragtige ou gebou, maar weens lekkende dakprobleme in die reënseisoen was die munisipaliteit genoopt om weereens die biblioteek in Augustus 2011 te verskuif. Die laaste skuif staan nou bekend as die 'Groot Trek'!

Die streekpersoneel was besig met 100% voorraadopnames en die bibliotekaris en haar helpers moes inspring en planmaak. Binne vier dae moes daar in- en opgepak en na die nuwe lokaal in 'n syvertrek van die ou Spoorwegaal verhuis word. Dit was 'n groot kopseer om die ou lokaal se rakke in die nuwe, kleiner lokaal te laat inpas en die inpak was beslis makliker as die uitpak. Dit het die bibliotekaris en haar span agt dae geneem om die voorraad te sif, minder te maak en op die rakke te kry. 'n Marathonpoging op sigself. Seer spiere en skouers is met Zambuksalf en Ice-man (of in Boere-Afrikaans 'perdesalf') ingesmeer. Die bibliotekaris sê sy kan voornemende trekkers verskeer dat die rondra van stampvol boekgevolle kratte vir vier 'fifty something'-dames liggaamlik geen grap was nie. Sy en haar hulp is egter baie gelukkig in hulle nuwe 'cozy' biblioteek met sy volvoermatte!

Vanuit die 'nuwe huis' word daar nou 'n uitstekende inligtingsdiens aan leerders van die plaaslike skole sowel as aan leerders

▼ Valencia Fortuin, kassiere/bibliotekearis van Molsvlei Wheelie Wagon in die Hardeveld met sy veelkleurige hoenderhane



► Sanna Ortman, kassiere/ bibliotekearis van Kliprand in die Boesmanland – een van die eerste drie Wheelie Wagon loodsprojekte in die provinsie



◄ Wilmaré van Wyk, kassiere/ bibliotekearis van Stofkraal Wheelie Wagon in die Hardeveld by die Swartdoring-rivier



► Muriël Lategan is die vriendelike bibliotekearis van TP Meyer Biblioteek



wat in omliggende dorpe skoolgaan, gelewer. Afgesien van die bibliotekearis se behendigheid met 'n trekkery, is sy ook 'n ervare onderwyseres, wat handig te pas kom met navorsing vir skooltake. Personeel: een bibliotekearis (munisipale kontrak); een algemene assistent (deelpos met Departement Gemeenskapdienste).

Ledetal: 907
Sirkulasie: 33,798

Doringbaai Biblioteek

Doringbaai is 'n klein vissersdorpie met 'n uitkykpunt vir walvisse, veral noordkaperwalvisse. Dit vorm deel van een van die staproetes aan die Weskus. Heerlike seekosse is dwarsdeur die jaar beskikbaar en baie toeriste besoek die biblioteek in blommetyd.

Daar is 'n rekenaarlokaal (Cape Access) aangrensend aan die biblioteek. Kinders soek inligting vir take op die Internet en kan vir 45 minute per sessie op die rekenaars werk. Dit vul die inligting wat in die biblioteek beskikbaar is goed aan.

Die biblioteek het onlangs nuwe tafeltjies en stoele gekry. Nou hoef kinders nie meer hulle huiswerk en take op die mat te doen nie.

Personeel: een biblioteekassistent.

Ledetal: 246
Sirkulasie: 11,874

Ebenhaeser Biblioteek

Na verskeie kere se trek van 'n klein kamertjie na verskillende klaskamers is daar uiteindelik 'n mooi, ruim en moderne biblioteek aangrensend aan die gemeenskap-saal gebou. Dit was 'n heuglike dag ná al die gesukkel in té beknopte akkommodasie. Baie lede besoek die biblioteek om die daaglikse nuus in die koerant te kom lees. Die naslaanwerke word goed deur leerders benut. Elke Vrydagmiddag word daar speletjies gespeel, gereelde inkleurkompetisies word gehou en storie-ure word aangebied. Personeel: een biblioteekassistent.

Ledetal: 1,320
Sirkulasie: 12,877

Lutzville Biblioteek

Lutzville Biblioteek is die eerste biblioteek in die munisipaliteit wat ten volle gerekenariseer het. Gedurende November 2011 is daar van PALS oorgeskakel na SLIMS. Die publiek het onbeperkte toegang tot Internetgebruik. Dit is 'n besonder handige hulpmiddel wat die gebruik van die biblioteekvoorraad goed aanval.

Die bibliotekearis het 'n weeklikse radiorubriek op die plaaslike radiostasie, Radio Namakwaland. Tydens die rubriek word boeke geresenseer en aan die luisteraars bekendgestel. Dit is die ideale medium om

die biblioteek en sy aktiwiteite te bemark. Die bibliotekearis voorsien ook die boeke vir voorlesing op die radiostasie, 'n ideale manier om 'n leeskuil by lesers aan te wakker.

Die biblioteek het 'n aktiewe leeskring en die bibliotekearis word jaarliks genooi om een boekbespreking te doen.

'n Uitgebreide inligtingsdiens word aan die plaaslike skole gebied en spesiale navorsingsleërs word gereeld bygehou vir gebruik deur leerders.

Handwerkklasse vir kinders word gedurende die skoolvakansies aangebied. Dit help om kreatiwiteit te bevorder, asook die aankoop van sinvolle vrytydsbesteding.

Personeel: een senior bibliotekearis; een biblioteekassistent (Voorwaardelike Toelaag).

Ledetal: 750
Sirkulasie: 31,115

Uitkyk Biblioteek

Uitkyk Biblioteek in Lutzville word saam met die gemeenskapsaal in een kompleks gehuisves. Die vriendelike biblioteekassistent het 'n sagte hart vir kinders en bied aktiwiteite aan soos storie-ure, inkleurwerk en speletjies speel.

Een van haar ander fokuspeunte is om leerders te skool in die gebruik van naslaanwerke.

Personeel: een biblioteekassistent.

Ledetal: 461
Sirkulasie: 11,853

Nuwerus Biblioteek

Nuwerus is een van ses voormalige Weskus Distriksmunisipaliteit-dienspunte wat nou deel vorm van Matzikama Munisipaliteit. Al hierdie dienspunte word op 'n deelpostbasis beman. Beide kassier- en bibliotekarispligte word verrig.

Die biblioteek lewer 'n diens aan leerders van die plaaslike hoërskool, dorpenaars en die boerderygemeenskap.

In blommetyd ondergaan Nuwerus en die omliggende areas 'n gedaanteverwisseling wanneer die veld vrolik in pers en geel en 'n mengelmoes van ander kleure getooi word. Personeel: een kassiere/bibliotekaris.

Ledetal: 268
Sirkulasie: 4,179

Bitterfontein Biblioteek

Bitterfontein het ontstaan rondom 'n fontein waarvan die water so sout was dat dit aan die dorp sy naam besorg het. Die dorp is ook bekend vir sy 'omdraaitrein' en graniet-blokke. Die trein kom net tot in die dorpie en draai dan letterlik terug op sy spoor. Granietblokke wat in die omliggende areas gemyn word, word vir versporing gemerk en kan orals langs die spoor in die dorpie gesien word.

Die biblioteek, munisipale kantoor en kliniek word in een gebou gehuisves. Kliniek-susters vervoer tydskrifte en boekpakkies na omliggende plekkies wanneer kliniekdienste daar verskaf word.

Die gemeenskap en veral die kinders is gaande oor die kennis wat hulle opdoen deur middel van die boekvoorraad en geniet dit om lees deel van hulle ontspanningsaktiwiteit te maak.

Personeel: een kassiere/bibliotekaris.

Ledetal: 151
Sirkulasie: 5,187

Rietpoort Biblioteek

Rietpoort is 'n pragtige sendingdorpie weggesteek tussen golwende heuwels en granietskoppies wes van Bitterfontein. Hier bak dassies graag op rotse in die oggendson.

Die biblioteek bedien die plaaslike gemeenskap asook plase in die omgewing.

Leerders maak gebruik van die biblioteek vir navorsingstake. Alhoewel die ruimte in die biblioteek beperk is, is dit propvol lekker leesgot wat deur oud en jonk versind word.

Personeel: een kassiere/bibliotekaris.

Ledetal: 501
Sirkulasie: 5,638

Kliprand Wheelie Wagon

Kliprand, geleë in die Boesmanland, was een van die eerste drie Wheelie Wagon-loodsprojekte in die provinsie. En die trollies, wat met die aanvanklike projek van hoogstaande gehalte was, hou besonder goed en het beslis die toets van die tyd deurstaan.

Die nabygeleë kleuterskool sowel as die laerskool maak van die trolliebiblioteek gebruik en die gemeenskap geniet dit om te lees.

Na goeie reën bly dit 'n belewenis om die blommeprag in die Boesmanland te aanskou. Die vaal koppies en laagtes rondom Kliprand is dan vir 'n wyle 'n kleurespel wat 'n ieder en 'n elk bekoor.

Personeel: een kassiere/bibliotekaris.

Ledetal: 84
Sirkulasie: 3,343

Molsvlei Wheelie Wagon

Molsvlei is een van twee trolliebiblioteke in die Hardeveld. Hier bak vrouens die heerlikste brood met so 'n veldkruiegeurtjie in buiteoonde. Veelkleurige hoenderhane paradeer ook op die werf van heelparty huisies. Die streekbibliotekaris het by tye haar hande vol om seker te maak dat haar personeel nie een van dié hane inpak en saamneem huis toe nie!

Die biblioteek is baie gewild onder die skoolkinders, omdat hulle take nou in die gemeenskapsaal, waarin die Wheelies gehuisves word, gedoen kan word. Voorts geniet hulle dit ook om te lees, aangesien daar geen ontspanningsgeriewe op Molsvlei is nie. En die volwassenes bly ook nie agter met die lees nie.

Personeel: een kassiere/bibliotekaris.

Ledetal: 177
Sirkulasie: 4,477

Stofkraal Wheelie Wagon

Stofkraal is net 'n paar kilometer van

Molsvlei geleë, maar 'n mens ry ongeveer 12 keer deur die droë rivierloop tussen dié twee klein plekkies in die Hardeveld. Die kinders van Stofkraal gaan in Molsvlei skool en wanneer die rivier afkom, kan hulle nie skool toe vervoer word nie en moet daar eers gewag word totdat die rivier afgehoop het.

Van riviere gepraat, die Swartdoring-rivier wat deur Stofkraal loop, is volgens die bibliotekaris ook 'n skeiding tussen die Wes- en Noord-Kaap.

Die bibliotekaris kan nog goed onthou hoe opgewonde die gemeenskap was toe hulle die eerste keer toegang tot boeke gekry het. Mense het die biblioteek bestorm om lede te word. Die gemeenskapsaal, waaruit die Wheelie Wagon bedryf word, dien ook as wagkamer vir die kliniek. Terwyl elkeen sy beurt af wag vir die kliniek, word daar rustig gesit en lees. Dit is ook 'n rustige ruimte waarin kinders hulle huiswerk kan doen.

Personeel: een kassiere/bibliotekaris.

Ledetal: 145
Sirkulasie: 2,037

Ten slotte

En hier eindig ons reis vir eers met hierdie wens vir die biblioteekgebruikers in ons mooi, landelike streek:

*May you always find new roads to travel,
New horizons to explore,
New dreams to call your own.*

(Anon)

En watter beter manier om dit te doen as met een biblioteekkaartjie tot die wonderlike wêreld van boeke, wat deure na nuwe horisonne oopmaak. Mag die Here julle ryklik seën op al julle weë.

Naskrif: Baie dankie vir elkeen wat insette verskaf het wat verwerk kon word vir hierdie saamgestelde artikel. Dit word opreg waardeur. 'n Groot dankie aan Christa Hayes wat baie van die foto's geneem het. Dit het mooipraat gekos om party van die dames voor die lens van die kamera te kry, veral vir Muriël, en watter mooie prentjie het sy toe nie gemaak nie! Soos ons graag van ons eie Namakwa A-team sê: 'We just love it when a plan comes together!'